

MONNIE GONS

Monnies Presteer

Uitgawe 2 van 2024 | Tydperk: 25 - 31 Januarie



SKAAK

Mari Grobbelaar behaal die volgende prestasie:

Gauteng Inter-Region

Afdeling o/8 Dogters

Haar span (Tshwane o/8 A Dogters) wen Goud.

Bordprys vir bord 1 het haar ontdruk, want hul het teen o/10 gespeel en die bordpryse nie per ouderdom ingedeel nie. Daar was nie genoeg o/8 dogterspanne nie.



Cornelius Malan (nou in graad 1)



Mienje Grobbelaar

Gauteng Inter-Region

Afdeling o/10 B - Oop Afdeling

Bordprys (bord 4)

Haar span (Tshwane o/10 B Ope) wen Silver



Karliën Weder speel vir die o/14 B dogterspan (sy is eintlik o/12) en word as die beste bord 6 speler vir haar afdeling aangewys.



Divan-hul se span het 3de geëindig o/10 B liga



Emil Weder speel vir o/14 B ope span. Hulle eindig eerste in Gauteng. Hy word aangewys as die beste bord 6 speler in sy afdeling.



Emil B chner het deelgeneem aan die Interprovinsiale skaaktoernooi op 12 - 13 Januarie as lid van Tshwane se o/12 A-span. Hy speel bord 10 en kry 3/5 punte, en hulle span wen hulle kategorie.



FIETSRY

Christiaan van den Bergh (graad 5) het die afgelope naweek aan die Gauteng Provinsiale Pad kompetisie deelgeneem.

Hy het Saterdag, 20 Januarie 2024, 'n vierde plek behaal in die "Time Trial" vir o/13 seuns. Sondag, 21 Januarie 2024 behaal hy 'n tweede plek behaal in die padwedren vir o/13 seuns.



SWEM

Ewan Vorster kwalifiseer gedurende 2023 om aan die NTS Swem Kampioenskappe in Desember 2023 deel te neem. Hy swem 8 uitdunne, 5 finale en verower twee silver medaljes.



ROLBAL

Liame du Plessis (graad 5) het vir die eerste keer in Rolbal o/15 in die Gauteng challenge Rolbal deelgeneem. Sy en haar nefie Christian Gerber (graad 7) wat nou sy derde jaar deel neem vir Bowls Gauteng North het saam in die o/15 afdeling deelgeneem. Hul het 'n vierde plek behaal.



SWEM

Acin Mare (graad 3) het die jaar afgeskop met 'n 'bang' op die NTS Gala. Die naweek van 19 Januarie 2024, het hy in die volgende deelgeneem en sy tye verbeter:

50m Borslag – Eerste plek behaal met 'n tydsverbetering van 2.02Sec.
100m Vryslag – Tweede plek behaal met 'n tydsverbetering van 4.39Sec.
50m Rugslag – Derde plek behaal.
50m Vryslag – Tweede plek behaal met 'n tydsverbetering van 1.36Sec.

